

Lêerno.: 3/1/3/1  
Verwysing: 20220906-6280

Omsendbrief: 0035/2022  
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Prinsipale van openbare skole en lede van beheerliggame

Kort opsomming: *Progressiewe universalisering van graad R.*

**Onderwerp: Proses wat gevolg moet word vir die progressiewe universalisering van graad R**

1. Hierdie omsendbrief verskaf riglyne oor die progressiewe implementering van graad R met ingang van 01 Januarie 2023.
2. **Implementeringsproses**
  - 2.1 Die progressiewe implementering van graad R sal op die profiele van graad R-praktisyns in graad R-poste by openbare skole wat deur die departement gesubsidieer word fokus, soos op SOBIS weerspieël.
  - 2.2 Graad R sal as deel van die Grondslagfase beskou word en dus is die bepalings van beide die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (WIO), 1998 (Wet 76 van 1998) (soos gewysig), en die Personeeladministrasiemaatreëls (PAM), gepubliseer in *Staatskoerant* No. 39684 van 12 Februarie 2016, van krag ten opsigte van, onder meer, kwalifikasies en verpligte aftree-ouderdom.
  - 2.3 Die SOBIS-databasis van gesubsidieerde graad R-poste is ontleed en die inligting is as volg gekategoriseer: Gekwalifiseer, Ondergekwalfiseer en Ongekwalfiseer, en dit is in ooreenstemming met bepalings wat in Hoofstuk B.1 van die PAM vervat is, geverifieer. Die volgende opleidingsvlakke ten opsigte van die Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaarde (ROKW) is van toepassing op onderwysers:

| <b>ROKW</b> | <b>Opleidingsvlakke</b>   | <b>Professionele kwalifikasiekategorie</b> |
|-------------|---|--|
| 10          | Graad 12 of laer sonder 'n onderwyskwalifikasie   | Ongekwalfiseer                             |
| 11          | Graad 8, 9, 10 en 11 plus 'n onderwyskwalifikasie van minstens twee jaar toepaslike opleiding   | Ondergekwalfiseer                          |
| 12          | Graad 12 plus een/twee jaar toepaslike opleiding  | Ondergekwalfiseer                          |
| 13          | Graad 12 plus drie jaar toepaslike opleiding  | Gekwalfiseer                               |
| 14          | Graad 12 plus vier jaar toepaslike opleiding  | Gekwalfiseer                               |
| 15          | Graad 12 plus vyf jaar toepaslike opleiding   | Gekwalfiseer                               |
| 16          | Graad 12 plus ses jaar toepaslike opleiding. Slegs professioneel gekwalfiseerde opvoeders kan as ROKW 16 geklassifiseer word, op voorwaarde dat sodanige persone in besit is van 'n erkende voltooide graadkwalifikasie.  | Gekwalfiseer                               |
| 17          | Graad 12 plus sewe jaar toepaslike opleiding. Vir 'n kandidaat om op ROKW 17 te wees, moet 'n kandidaat, benewens die vereistes vir klassifikasie as ROKW 16, ook in besit wees van minstens 'n erkende meestersgraad of 'n goedgekeurde Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) 8-kwalifikasie. | Gekwalfiseer                               |

2.4 Die onderstaande tabel onderskei kwalifikasiekategorieë vir graad R-praktisyns en watter aksies met ingang van 01 Januarie 2023 ingestel sal word:

| <b>Kategorie</b>     | <b>ROKW-/NKR-vlak</b>            | <b>Aksie</b>   |
|----------------------|----------------------------------|--|
| 1. Gekwalfiseer      | ROKW 13 en hoër<br>NKR 6 en hoër | Aanstelling as 'n Posvlak 1-opvoeder op PERSAL met diensvoordele   |
| 2. Ondergekwalfiseer | ROKW 11/12<br>NKR 5              | Abnormale aanstelling op PERSAL en as graad R-praktisyn word vergoed op die intree-salarisvlak van 'n opvoeder wat as ROKW 10 geklassifiseer is, sonder voordele |
| 3. Ongekwalfiseer    | ROKW 10<br>NKR 4                 | Behou as oordragbetaling in Norme en standarde (N&S)-subsidie (status quo)   |

2.5 'n Aanstelling as 'n Posvlak 1-opvoeder is gebaseer op bepalings soos vervat **in Hoofstuk B van die PAM en Hoofstuk 2 en 3 van die WIO. Erkenning van toepaslike vooraf ondervinding sal vir salarisdoeleindes oorweeg word.**

### 3. Verifikasie van kwalifikasies

3.1 Alle kwalifikasies in die drie kategorieë wat in paragraaf 2.4 uiteengesit word, moet in ooreenstemming met bepalings soos vervat in **Hoofstuk B.1 van die PAM** geverifieer word **en kan ook aan 'n verifikasieproses van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid onderwerp word, indien vereis.**

3.2 Alle graad R-praktisyns wat ten opsigte van kwalifikasies vir ROKW13/14 nie aan die minimum vereistes voldoen nie, sal na die kategorie ongekwalifiseer of ondergekwalifiseer verskuif word op grond van die uitkoms van die verifikasieproses.

### 4. Keuring van graad R-praktisyns

4.1 Alle aanstellings as Posvlak 1-opvoeders of as graad R-praktisyns wat deur middel van PERSAL vergoed word, sal aan 'n keuringsproses onderwerp word.

4.2 Die keuringsproses word voorgeskryf ingevolge die *Beleid van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement oor die keuring van persone wat in aanraking kom met leerders of amptenare by 'n openbare skool op hulle skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit, 2020*, en as 'n vereiste van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007). Keuring sluit die verifikasie van identiteitsnommers, kriminele rekords en akademiese kwalifikasies in.

### 5. Dokumente wat vir aanstelling op PERSAL vereis word

5.1 Die profiele van graad R-praktisyns, soos op die SOBIS-databasis van 2022, sal gebruik word om die aanstellings in die drie kategorieë, soos in paragraaf 2.4 uiteengesit, te bepaal. Veranderinge aan hierdie profiele op SOBIS sal nie vir 2023 toegelaat word nie.

5.2 Die volgende dokumente moet verskaf word:

- a) Curriculum Vitae
- b) Graad R: DPA 2-vorm
- c) Gewaarmerkte afskrif van identiteitsdokument
- d) Registrasiesertifikaat van Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders
- e) Belastingnommer of brief, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens
- f) Gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies
- g) Akademiese verslae
- h) Bankvorm (Z56) en bewys van bankrekening op bank se briefhoof
- i) Keuringvrywaringsvorm

- j) Vorm wat keuse van diensbonus aandui (sal slegs vir permanente aanstellings verwerk word)
  - k) Inskrywingsertifikaat van die regering se behuisingskema vir werknemers (sal slegs vir permanente aanstellings verwerk word)
  - l) Vorm WP 1002 vir benoeming van begunstigdes vir pensioenuitbetaling (sal slegs vir permanente aanstellings verwerk word)
- 5.3 Die vorms waarna in paragraaf 5.2 verwys word, is op die Kontrakaanstellingnasporingstelsel (*Contract Appointment Tracking*) (CAT-stelsel) op die Mensebestuurspraktykestelsel (MBPS) beskikbaar.
- 5.4 Alle dokumente wat vereis word, soos in paragraaf 5.2 gelys, moet voor of op 14 Oktober 2022 via die CAT-stelsel op die MBPS gelaai word.
- 5.5 Versuim om 'n volledige stel dokumente in te dien, sal daartoe lei dat die aansoek nie oorweeg en verwerk sal word nie.
- 5.6 Die indiening van die vereiste dokumente teen 14 Oktober 2022 sal dit moontlik maak om verifikasieprosesse te voltooi en om die betrokke graad R-praktisyns en Posvlak 1-opvoeders met ingang van 01 Januarie 2023 op die PERSAL-stelsel aan te stel.

## 6. **Aanstelling in graad R-poste vanaf 01 Januarie 2023**

- 6.1 Indien 'n graad R-praktisyn ná die implementeringsdatum van 01 Januarie 2023 toepaslike kwalifikasies vir 'n Posvlak 1-pos verwerf, sal sodanige pos slegs op grond van bekostigbaarheid en met ingang van 'n gegewe akademiese jaar oorweeg word.
- 6.2 Indien 'n graad R-praktisyn die verpligte aftree-ouderdom (65 jaar) bereik of hul diens beëindig, mag die pos slegs gevul word met 'n gekwalifiseerde opvoeder (ROKW 13/14). Die bepalings in paragraaf 5.1 moet nagekom word, aangesien die aktivering van Posvlak 1-poste op bekostigbaarheid gegrond is.

## 7. **Toewysing van poste aan openbare skole vir graad R**

- 7.1 'n Posvlak1-opvoederspos (graad R) sal aan openbare skole toegewys word waar daar 'n toepaslik gekwalifiseerde opvoeder is. Die toewysing is onderhewig aan die kwalifikasie van die opvoeder, wat met ingang van 01 Januarie 2023 geverifieer sal word en is gegrond op die 2022-databasis van graad R-praktisyns wat deur skole op SOBIS geregistreer is.
- 7.2 In die geval waar daar meer as een toepaslik gekwalifiseerde opvoeder is, sal 'n Posvlak 1-pos (graad R) vir elke toepaslik gekwalifiseerde opvoeder toegewys word.

- 7.3 Die toegewysde Posvlak 1-pos/poste (graad R) by skole wat vir die toewysing van die vermelde pos/poste kwalifiseer, mag slegs vir graad R aangewend word en sal in die toekoms as bykomend tot die skool se diensstaat vir opvoeders weerspieël word.
- 7.4 **In die afsienbare toekoms sal hierdie poste nie in aanmerking geneem word wanneer die aantal bevorderingsposte of die gradering van 'n skool bepaal word nie.**
- 7.5 Toekomstige uitbreidings sal onderhewig wees aan bekostigbaarheid binne die WKOD se begroting vir die vergoeding van werknemers.
- 7.6 Ondergekwalifiseerde graad R-praktisyns sal op PERSAL aangestel word en die gesubsidieerde befondsing aan openbare skole sal met die bedrag van die toelae verminder word.
8. **Verbetering van vaardighede van ondergekwalifiseerde (ROKW 12/NKR 5) graad R-praktisyns**
- 8.1 Die WKOD is in die proses om 'n kwalifikasiebaan te verken wat tot die vereiste volwaardige kwalifikasie (ROKW 13/14) sal lei.
- 8.2 Na gelang van die koste-implikasie en die beskikbaarheid van fondse, kan die WKOD finansiële bystand verleen aan ontvangers wat hiervoor in aanmerking kom. Ontvangers sal, onderhewig aan voorwaardes/verpligtinge, kontrakte vir finansiële bystand moet onderteken.
- 8.3 Besonderhede oor die program vir finansiële bystand sal in 'n later stadium beskikbaar gestel word.
9. **Betaling van subsidie-oordragte vanaf 01 Januarie 2023**
- 9.1 In die verlede is die toelae van 'n graad R-praktisyn ingesluit in die N&S-subsidie vir graad R. Dit sal op 31 Desember 2022 afgeskaf word. Met ingang van 01 Januarie 2023, sal die N&S-subsidie wat betaalbaar is aan inrigtings wat graad R aanbied, die graad R-praktisyn se toelae uitsluit.
- 9.2 Die toelae vir enige ongekwalifiseerde graad R-praktisyn sal in 2023 heringestel word as deel van die N&S-subsidie vir graad R, sodra die proses vir die verifiëring van kwalifikasies afgehandel is.
- 9.3 Vir meer besonderhede oor die N&S-subsidie vir graad R, verwys asseblief na 'n verdere omsendbrief wat hieroor uitgereik sal word.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle graad R-praktisyns wat op SOBIS verskyn en wie se poste deur die WKOD gesubsidieer word.

**GETEKEN:** B WALTERS

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2022-09-26